Die Aambeeld

Kwartaalblad van die HTS Drostdy Kwartaal 3 van 2018

NOG 'N DROSTDY-DROOM BEWAARHEID

Op 10 Augustus 2018, na jare se droom, beplanning en harde werk, is Drostdy se langverwagte Astro-fasiliteit 'n werklikheid. Hierdie grootskaalse projek het sy oorsprong gehad in die harte van omgee-ouers, kranige hokkiespelers en toegewyde hokkieafrigters van hierdie prestige skool wat reeds vanaf 1903 bestaan.

Die projekbestuurder, mev. Annamarie Underhay, het die leisels in Oktober 2017 opgeneem en die eerste sooi is op 5 Februarie 2018 deur mnre. Arthur Underhay en Jacques Marais, toe die Voorsitter van die Beheerraad, gespit.

Op 30 Junie 2018 is die pragtige grasgroen turf uitgerol en op 23 Julie 2018 is die eerste wedstryd teen Widthchurch van Wallis gespeel. Die o/16-dogterspan van Drostdy wen die wedstryd oortuigend met 7 doele teen 0.

Die kwaliteit van die fasiliteit is deur die *International Hockey Federation* gesertifiseer en is van so 'n hoë standaard dat nasionale spanne daarop kan meeding. Die grootte en kwaliteit van die oppervlak maak van die Drostdy Astro-fasiliteit die enigste in die Boland wat nasionale spanne kan akkommodeer. Die baantipe is spesifiek gekies dat dit ook 'n watergebaseerde baan kan wees. Drostdy het egter die huidige waterskaarste in ag geneem, besluit om dit te respekteer en gaan dit dus nie tans implimenteer nie.

'n Uiters waardevolle toevoeging is die aangrensende opwarmingsruimte wat alreeds gemerk is as miniveld waar spelers die geleentheid sal kry om ook wedstryde te speel.

Die proses was sekerlik nie sonder terugslae nie. Die werkspan was in 'n ongeluk en derhalwe moes die werk vir 'n bepaalde tyd gestaak word. Voeg hierby 'n baie goeie winter met baie welkome reënneerslae en jy moet nog 'n paar weke bylas. Op sommige plekke was daar van die plaveisel wat onvoldoende was, maar onder die valkoog van me. Underhay is elke foutjie uitgewys en laat regmaak. Die uiteinde is 'n pragstuk en die hokkiespelers is in ekstase oor ons nuwe veld. Hierdie veldtipe sal die spelpeil van ons spelers 'n besliste hupstoot gee en selfs die spelpatrone en -konvensies effens wysig.

Een ding staan uit soos 'n spreiligpaal langs 'n astrobaan - as die Donkies hulle kop op 'n ding sit, gebeur dit. En hulle doen dit goed.

Baie dankie aan elke afrigter, personeellid, ouer en leerder vir elke bydrae, hoe groot of klein, om van Drostdy se droom 'n werklikheid te maak.

DRIE UIT VIER

~Micke Marx~

Nog ‘n lang kwartaal lê op sy rug. Ek dink ek kan vir almal praat as ek sê dat hierdie nie ‘n maklike kwartaal was nie. Toetse op toetse , rekordeksamen vir die matrieks, rugby, hokkie, netbal... maar die Donkies het uitstekend deur die kwartaal gevaar. Die koue weer het ook niemand onder gekry nie, want niemand kla oor ‘n reëntjie so nou en dan nie. Die wintersport het ook tot ‘n einde gekom en die atlete het weggespring met hul oefeninge. ‘n Vakansie lê uiteindelik voor en ek dink almal sien daarna uit om ‘n blaaskans te neem. Ek hoop die matrieks kry die nodige rus in om hul laaste eksamen aan te pak. Geniet die vakansie Donkies!

UIT DIE ADJUNKHOOF VAN KOSHUISE SE KANTOOR

Aan die einde van ‘n kwartaal, kyk ‘n mens terug en dan is dit asof jy vir ‘n oomblik wonder wat het alles die kwartaal gebeur? Tot ‘n mens jou gedagtes toelaat om te loop en dan besef jy eers presies wat wel alles die kwartaal gebeur het. ‘n Mens dink terug aan al die Interkoshuiswedstryde wat plaasgevind het, Bergsig se onderwyseresse wat Dorp se onderwyseresse uitgedaag het vir ‘n netbalwedstryd, Teacup, Putty Cup, die nuwe Hiccup, 40-days, dinees en natuurlik die proses wat gevolg is met die verkiesing van die nuwe huiskomitees.

Met die opbou tot die hoogtepunt van 40-days, gee die graad 12’s vir oulaas die graad 11’s opdraand. En vanjaar was hierdie ‘n besonderse tydperk. Die graad 12’s het die graad 11’s met die Tea Cup (netbal), Hiccup (hokkie) en die Putty-Cup (rugby) gewen. Die Donsies (graad 11) het hulself egter goed teëgesit in al die aktiwiteite. Wat hierdie tydperk besonders gemaak het, is die mooi manier hoe die graad 12’s en graad 11’s saamgewerk het. Almal het binne die riglyne gebly en daar is ‘n eenheidsgevoel geskep. Baie dankie aan al ons leerders en personeel wat deel was van ‘n pragtige week.

Vanjaar het ons die oorspronklike kersete vervang met ‘n dinee. Elke koshuis het geleentheid gehad vir ‘n formele funksie waar daar afskeid geneem is van die matrieks en waar die huiskomitee van 2018 bedank is vir hulle harde werk. Die insette wat elke jaar se leiers maak, is ongelooflik en ‘n mens staan verstom met die insiatief wat hierdie leerders in leiersposisies neem. Ons kan nie genoeg vir julle dankie sê nie.

Ons het HK-sirkusse gehou waar elke potensiële huiskomitee-lid hom of haar kon voorstel en die koshuis kon vir die kandidaat vrae vra. Daarna is die verkiesingsproses van die onderskeie koshuise se huiskomitees vir 2019 begin. Die hoofleiers sal by die eerste saalgeleentheid volgende kwartaal aangekondig word.

Geniet die vakansie en rus lekker.

 Meneer Isak de Jager het op die 15de September getrou met sy pragtige bruid, Diana. Ons wens julle baie gelukkige huweliksjare toe!	 Die ooievaar gaan vir meneer en mevrou De Wet in Februarie 2019 ‘n babadogtertjie bring.	 Die ooievaar was omtrent besig en meneer en mevrou Geldenhuys gaan in April 2019 ouers word.
 Meneer Le Roux is gekies as die O/16 Bolandspan se afrigter vir die Grant Khomo-week.	 Meneer De Villiers is gekies as die O/18 Bolandspan se agterlyn afrigter.	 Meneer Hertzog is gekies as die afrigter van die Protea-stoeispan wat Suid-Afrika in September by die Wêreldkampioenskap in Slovakia verteenwoordig het.

DOWN THE RABBIT-HOLE

~Micke Marx en Shani Smith~

"I'm late, I'm late! Come, Alice I'm late!"

Ons hoop nie jy het uitgemis op hierdie droomwêreld nie. Met hakke en geklee in 'n deftige aandrok het die dames elk met 'n prins aan hul sy, die sprokiesaand ingewals. Die salige musiek het almal se voete aan die jeuk gehad en 'n jolige atmosfeer is geskep. Almal het heerlik gedans en die driegang-aansitete was voortreflik. Die kos het nie net die smaakknoppies laat kriewel nie, maar al die sintuie betower. Die laaste paar ure het almal dit gate uit geniet. Teen elfuur het die koetse die paartjies kom haal en die sprokiesboek is toegemaak.

Dank aan Madré Jacobs en Corli Ramsauer vir jul moeite om die aand in 'n werklike wonderwêreld te omskep. Ons sê dankie aan die Graad 8's wat ons bedien het. Ons hoop julle is nie laat vir volgende jaar se Winterbal nie!

MIS

~Oupie du Plessis~

Wat 'n woord! Sommige leerders gebruik die word as hulle hul misnoeë wil uitspreek oor iets. Vir die matrieks het hierdie woord natuurlik 'n heel ander betekenis. Dis die naam van die voorgeskrewe dramawerk en ons matrieks het op 18 Julie die geleentheid gehad om die drama in die Bellville Stadskouburg te geniet.

Die busse het reeds om 13h30 vertrek en om 15h30 was almal gereed om die produksie te ervaar. Die toneelspel was baie oortuigend en die leerders wat daar was, het beslis baie baat daarby gevind. Meteens was die karakters nie nou meer net woorde op papier nie, maar 'n werklikheid. Drostdy se onderwysers bied gereeld hierdie tipe blootstelling aan leerders.

Baie dankie aan mnre. Van Lill, Hunter en Du Plessis sowel as me. Paulsen vir die geleentheid.

DONKIES SKITTER BY PRYSUITDELING

~Armand van Rhyn~

Verlede jaar het ons twee prysuitdelings gehad vir die somer- en wintersport onderskeidelik. Die hoofrede was maar omdat die prysuitdeling net te lank geduur het. Op 28 Augustus het ons 'n enkele prysuitdeling gehad om die somer- en wintersportwenners erkenning te gee.

Drostdy se sportmanne en -vroue het gepronk by die jaarlikse somer- en wintersport prysuitdeling. Pryse is uitgedeel vir skoolsportsoorte en sportsoorte buite skoolverband. Die aand is opgevrolik met sangitems deur Philip Alberts, Etloné Nolte en JP le Roux en 'n prosastuk deur Elizé Lottering voorgedra.

Louis Drake

Cameron Mostert

Vanjaar se Junior Sportvrou van die jaar is Cameron Mostert en die Junior Sportman is Louie Drake. Me. J. Naude was die kaptein van hierdie skip en die vaart was sonder enige storms. Baie geluk aan elke pryswenner en elke ouer.

DIT GAAN ALS OOR LUCK!

~Oupie du Plessis~

Mnr. Lucky Groenewald het in 1984 by HTS Drostdy begin. Twee jaar later het ek in sy klas gesit en die voorgeskrewe boek was ‘n roman van P.H. Nortje. Hierna het ek al sy boeke gelees omdat die liefde vir boeke en lees by my gekweek is deur meneer Lucky Groenewald. Mnr. Groenewald het die gawe om jou aandag te trek en jou te boei tot die klok teleurstellend lui.

Hy is nie net ‘n goeie onderwyser nie, maar ook ‘n uitstekende rugbyafrigter. Hy en ds. Stefaans Burden het vir jare saam afgerig en hy het ook ‘n paar keer oorsee gaan draai met sy rugbyspanne o.a. in Nieu-Zeeland en Argentinië. Sy spelers het jaar na jaar teruggekom om te kom groet. Hy was ‘n kinderkenner en kon met hulle werk. Dit was sy roeping en die Here het hom gebruik om kinders se lewens te verander - ten goede.

Na soveel jaar kan u, mnr. Groenewald, terugkyk op ‘n trotse nalatenskap. Geniet die aftrede en mag die duiwe nog vir baie jare kampioene oplewer

TREF KEER OP KEER DIE REGTE NOOT

~Suné Conradie~

Volgens n afdeling in “Die Joernaal van Neurowetenskap” kan luistervaardighede verbeter word deur ‘n instrument te leer speel in jou jeug. Studies bevind dat musikale opleiding fokus verbeter en angs by kinders verminder. Dus is die orkes ‘n massiewe bate vir Drostdy en al die leerders in Drostdy wat die kans benut om ‘n instrument te bespeel. Musiekliefhebbers se droom… HTS Drostdy se Koperblaasorkes!

Die orkes presteer by talle geleenthede onder andere die Tygerberg Eisteddfod waar hulle meer as 90% behaal het, asook die trofee vir die beste koperblaasorkes verwerf. Hulle lewer ook indrukwekkende optredes by die Windworx – fanfare in Bellville, Caledon en die Opedag. Die geleentheid wat die orkes gehad het, om by ‘n troue in Tulbagh te speel, is nog n voorbeeld van hulle veelsydigheid. Die orkes het ook ‘n toer meegemaak na ‘n proteaplaas naby Montagu. Die jaarlikse kerssangdienste waar die orkes betrokke is, word vanjaar onderskeidelik by die NG Kerke Worcester-Oos en -Wes aangebied.

Nog ‘n hoogtepunt op die kalender vanjaar was die jaarlikse winterkonsert wat by die Mountain Mill Mall se amfiteater gehou is. Die konsert was uitmuntend met ‘n opwindende program en ‘n rekordgetal gaste. Gaskunstenaars soos Robyn Walters (sangeres), Emilio Lorenzo (marimba) saam met die Drostdy-koor en natuurlik die orkes het dié konsert een gemaak om te onthou. Onder leiding van mnr. Ras en mev. Krige oefen alle lede van die orkes weekliks hard en lewer skitterende vertonings wat hul pligsgetrouheid en hardwerkendheid weerspieël. Die koperblaasorkes verryk die kultuur van Drostdy en is voorwaar ‘n voorreg om te beleef.

Individuele Musiekprestasies:

<u>Unisa Graad en VVA-Eksamens</u>

28 eksamens word in Mei 2018 gespeel. 4 leerders verdien 90%. Merize Burger verskyn op Unisa se ererol vir tuba(90%). Yvette van der Walt (eufonium), Herbst du Plessis (eufonium) en Susan Viljoen (slagwerk) verdien 90% vir hulle VVA – Unisa eksamens. 22 leerders verdien lof (80% - 89%) en 2 eervolle vermelding (75% - 79%).

<u>PVE – Eisteddfod 2018</u>

64 stukke word deur koperblasers en orkestrale perkussie gespeel. 2 Cum Laude toekennings (90%) word behaal deur onderskeidelik Susan Viljoen en Anja Coetzee asook 30 goud (80% - 89%). Die toppresteerders was Yvette van der Walt, Herbst du Plessis en Chané Adonis. Daar is ook 31 silwer (70% - 79%) en 1 brons (69%) toekennings verdien. Susan Viljoen ontvang ook die trofee vir die “best senior percussionist” by die Paarl se pryswennersgeleentheid.

40 DAYS

~Yvette van der Walt~

Aan die begin van enige graad 12-leerder se matriekjaar is daar baie opwinding wat voorlê. Wat al die matrieks egter nie besef nie, is hoe vinnig die tyd verbygaan, en hoe min kans daar regtig is om saam as 'n graadgroep iets "lekkers" te doen. Die tyd vlieg verby en voor jy jou oë uitvee, staan die rekordeksamen en eindeksamen voor jou.

Almal is egter bewus van al die "laastes" regdeur die jaar - van die laaste kleureatletiek regdeur tot die laaste paar skooldae. En natuurlik is daar die aanloop tot die eindeksamen, waar die laaste skooljaar ook dan tot 'n einde kom.

By Drostdy is ons baie bevoorreg om steeds die jarelange "40 days" te kan vier. Daar was hierdie jaar net ietsie "anders" in die gesindheid van almal wat deelgeneem het aan die bedrywighede tot aanloop van die hoogtepunt in die week.

Die graad 11's het gesorg vir ongelooflike gees en deelname by die Putty Cup, Tea Cup en Hiccup en hierdie week sal altyd 'n mooi herinnering bly.

Die matrieks kon Vrydag, 24 Augustus, aantrek soos 'n filmheld van hul keuse, en was dit nou nie iets om te sien nie! Sommiges het al baie vroeg opgestaan en hul gedaanteverwisselinge was iets asemrowends - gesigverf, haarsproei en -kleurmiddels, gehuurde kostuums van ver en nog baie ander interessante dinge. Die matrieks het werklik moeite gedoen om hierdie dag te kan onthou.

Soos altyd het ons graad 11'ies bietjie met die verkeerde voet uit die bed geklim en alles was agterstevoor vir 'n dag... gelukkig nie hul skoolwerk nie, maar wel hul skoolklere. Die onderwysers het ook gesorg vir pret en het hul skooldae vir 'n dag herleef - in die mooiste skoolkere in die land!

Die graad 12's is uitgenooi om 'n paar seënwense vir hul toekoms te ontvang van oudhoofseun, Peini Naudé, asook Ulrich Schreuder wat verlede jaar by Drostdy gematrikuleer het. Die matrieks het na 'n glasie druiwesap, en 'n pragtige heildronk op hul toekoms, saamgekuier om die braaivleisvure.

Ons as matriekgroep wil dankie sê aan Drostdy vir ons eie "40 days" herinneringe. Dankie aan al die onderwysers wat dit moontlik gemaak het en dankie aan die matrieks vir hul positiewe gesindheid sodat hierdie dag nog vir lank onthou sal word.





REVUE

~Minette Visagie~

"Love will always overcome war."

Met vanjaar se revue was ons op reis na Antieke Griekeland met twee koninkryke wat oorlog in die gesig staar. Tog het 'n skoot van liefde die oorlog oorwin.

Hierdie belewenis was definitief uit die boonste rakke. Met die dansies en musiek in die verhaal kon almal werklik hulself by hierdie liefdesverhaal inleef. Die vuurfakklels het sommer almal se harte van die begin af voorberei vir die asemrowende vertoning wat op hulle gewag het.

Dinge soos hierdie gebeur egter nie vanself nie en daar's baie moeite wat agter die gordyne ingesit is. Met laat aande, "hot chocolate" met marshmallows en baie harde oefening het alles in plek geval.

Sonder juffrou Vermeulen, juffrou Swart, juffrou De Wet, meneer en mevrou Ras en al die harde werk van die deelnemers sou hierdie aand nie onder die sterrenag skitter nie. Baie dankie aan almal wat die "Pair of star crossed lovers" bymekaar gebring het.

TOUTREK WÊRELDKAMPIOENSKAP

~Zoey Zeeman en Tania van der Spuy~

Ons toutrekkers het op 18 September gaan deelneem aan die Wêreldkampioenskap wat vanjaar in Kaapstad gehou is. Die kompetisie het plaasgevind op die pragtige velde van Hoërskool Kamsbaai wat definitief die natuurskoonheid van ons land uitbeeld met ‘n ongelooflikle see-uitsig, omring deur ons asemrowende berge. Die buitelanders (en selfs ons ook) was beslis beïndruk.

Die kampioenskap het afgeskop met die Klubkampioenskap waarin enige span kon inskyrf. Daar het ons as Drostdy deelgeneem en in die 480 Junior damesafdeling ‘n silwer medalje en ‘n vierde plek behaal. Ons 560 junior seunsafdeling het ook baie goed gedoen en is in die vierde plek. Ons het ook ‘n 600 manspan ingeskryf en daar ‘n vyfde plek behaal.

Die spanning het opgebou ná die eerste twee dae, want die Wêreldkampioenskap het uiteindelik aangebreek. Ons Protea-trekkers het vir ons baie trots gemaak in hulle groen en goud. Na ‘n paar lang trekke, trane en heelwat naelbytoomblikke het ons 480 junior dames met die silwer op die podium gestaan, die 560 junior mans met ‘n vierde plek en die 520 junior gemengde span het ook met ‘n silwer medalje huis toe gekom. Ons spanne het oor die algemeen baie goed gevaar en verbeter. Ons sien almal uit na die jaar wat voorlê.

SKAAKLIGA ONS S'N

~Armand van Rhyn~

Die Donkies se skaakspan het soos altyd die skool se naam hoog gehou. Hulle eindig hierdie kwartaal eerste in die liga. Hulle veg hul pad tot bo en wen hul teenstanders soos volg: 3-1 teen Hexvallei, 5-1 teen Zwelentemba, 5,5 – 0,5 teen Worcester Gim, 5-1 teen Goudini, 5-1 teen Esselenpark en 6-0 teen Vusisiswe.

By die Top Schools dring Drostdy deur tot die finale rondte en eindig derde in die WP met 19 punte. Ons eindig bo York High, Swellendam Sekondêr, Paarl Valley High, Star College Bridge Town, Farmount Secondary, Hermanus High en Sao Bras. Albrecht van Zyl word gekies vir die SA Winterspele en ook die SA Nasionale Kompetisie in Desember.

v.l.n.r.: Herman Roux, Albrecht van Zyl, Jean-Jacques Augustyn, Stean Engelbrecht, Adriaan Alberts, Armand van de Bergh

Die span bedank Breërivier Koeriers en SF Refrigeration vir die borg van hul spoggerige baadjies. Die skool verloor egter spelers vanjaar en alle Donkies word uitgenooi om in 2019 aan skaak te kom deelneem.

Baie geluk aan die skaakspan met hul uitsonderlike prestasie.

DONKIE HOKKIE RAAK NET BETER

~Yvette van der Walt~

Die afgelope jaar het Hokkie by Drostdy nuwe hoogtes bereik. 'n Groot aanwins is ons hardwerkende afrigters en die nuwe Astrobaan. Hierdie baan sal Drostdy in staat stel om binnekort teen die beste spanne op ons tuisveld te speel.

Die seisoen het ons 'n paar geleenthede gegee om ons kragte buite die Wes-Kaap te gaan meet. Die naweek van 21 Julie het ons met vyf busse die lang pad na die Noord-Kaap aangedurf. Die 21 uur- lange rit was nie die beste ervaring nie, maar die spelers het baie tydens die toernooi geleer.

Ons hokkie het goeie resultate behaal. Dit het soms vasbyt gekos, maar ons het elke keer net weer uitgedraf vir Drostdy en ons beste gegee. Elke wedstryd het ons vaardighede geslyp en ons ook as mens gevorm - dit maak ons beslis beter spelers.

MARIUS SCHOEMAN SEWESTOERNOOI

Ons O/15 en O/17 Sewesspanne het aan die Marius Schoeman Sewestoernooi in die Paarl deelgeneem. Die O/15's het ongelukkig in die kwarteindstryd uitgeval. Die O/17's het in die finaal van die Bowl afdeling teen 'n uitnodigingspan van Boishaai gespeel en as kampioen uit die stryd getree.

BREDASDORP SEWESTOERNOOI

Die O/15 sewesspan gaan deelneem aan die Bredasdorp Sewestoernooi en 'n algehele 3de plek behaal. Daar is na afloop van die toernooi 'n span van die dag aangewys en Percy Basson, Juan Colling en Cecil Fletcher is vir hierdie span gekies. Ons is ook besonder trots op Percy Basson wat aangewys is as die speler van die toernooi.

Baie geluk aan die span en hul afrigters, mnre. Geldenhuys en De Manielle. Ons is baie trots op julle!

WP SKYFSKIET

Op 17 en 18 Augustus het ons skuts deelgeneem aan die WP-kampioenskap. Adriaan Alberts en Chris-Mari Snyman is na afloop van die byeenkoms opgeneem in die WP-span wat in Oktober aan die SA-kampioenskap gaan deelneem. Ons is besonder trots op Adriaan wat as kaptein van die span aangewys is. Chris-Mari Snyman maak ook geskiedenis by Drostdy as die eerste dogter wat in die WP-skyfskietspan opgeneem word.

DROSTDY GEE OM - TEKKIE TAX

Drostdy het met Tekkie Tax R3000 ingesamel en dit aan die Sean Kelly Sentrum, 'n residensiële fasiliteit vir gestremdes op Worcester, geskenk. Hulle kon met die hulp van Drostdy se leerders onder andere 'n wasgoedrak, herlaaibare ligte, klere, kos en skoonmaakmiddels aankoop.

Baie dankie aan elke leerder wat bygedra het en aan die BK vir al hul moeite met die projek. Dis lekker om te sien hoe die Donkies hul waardes uitleef.

KOOR PRESTEER BY MONTAGU YOUTH FESTIVAL

Ons koor het deelgeneem aan die Montagu Youth Festival en met 'n pragtige 90% huis toe gekom. Aan die einde van die weeklange fees het hulle ook die trofee ontvang as Beste Bydrae tot die fees. Ons bars van trots op hierdie leerders onder leiding van juf. Meiring en mnr. Beeselaar. Baie geluk!

LOSLITDAG

Op 7 September ondersteun die Donkies Loslitdag se "Everydag Superhero" tema. Dis vir ons 'n voorreg om ook op so 'n manier terug te ploeg in ons eie gemeenskap. Drostdy gee R1070 aan die Nasionale Instituut vir Blindes.

DONKIE TV IS HIER!!!

Dis vir ons baie lekker om bekend te maak dat Drostdy nou sy eie TV-stasie het. Daar is regstreekse uitsending sowel as vooraf opgeneemde video's beskikbaar. Die produksiespanne werk hard om meeste van die aktiwiteite by die skool te beeldsend.

Drostdy se SBS brei uit

Die bestuurspan van die HTS Drostdy het vergroot na nuwe aanstellings gemaak is.
Ons sê graag baie geluk aan mnr. Callie le Roux wat as adjunkhoof in mnr. Dawie de Lange se plek aangestel is. Mnr. Nelis Cornelissen is as departementshoof aangestel in mnr. Wessel Minnaar se plek en mee. Christine Meiring, Karen le Roux, Elphia Neethling en Tersia Cronjé is onderskeidelik as interne departementshoofde van Lewenswetenskappe, Wiskunde, Engels en die handelsvakke aangestel.
Baie geluk en baie dankie vir al die harde werk wat julle vir ons skool beteken.

	Mev. Karen le Roux		Mev. Christine Meiring		Mev. Tersia Cronjé		Mev. Elphia Neethling
	Mnr. Pieter Ras		Mnr. Nelis Cornelissen		Mnr. Callie le Rous		

HUISKOMITEES 2019

Baie geluk aan die volgende seuns en meisies wat verkies is tot die onderskeie koshuise se Huiskomitees vir die 2018/2019-termyn. Sterkte vir julle termyn - ons is trots op julle!

DROSTDY-KOSHUIS

Agter v.l.n.r.: Marco van Staden, Matthys Wilkinson, Franco van der Merwe, Albertus Basson
Voor v.l.n.r.: Hanno Destroo, Hanno de Wet, Xander van Schalkwyk

NOORDSIG

Agter v.l.n.r.: Jacques Liebenberg, Daniel Basson, Reinier Viljoen, Wynand du Plessis, Roann Jansen
Voor v.l.n.r.: Stefan Venter, Stefan Schwartz, Dihan Muller, Heindrich van Coller, Lyel Jacobs

STALSHUIS

Agter v.l.n.r.: Carlton Pieterse, Armand van Zyl, Gysbert du Preez, Albertus van Zyl, JJ Viljoen
Voor v.l.n.r.: GW Bruwer, SJ Spamer, Albert van Zyl, Benicio Kamfer

BERGSIG

Agter v.l.n.r.: Talitha Pretorius, Tarien Swanevelder, Ansorette Muller, Antoinette Steijn
Voor v.l.n.r.: Lerika de Scandé, Nevé Schagen, Michelle Isaacs

DORP – MEISIES

Agter v.l.n.r.: Jana Jourdan, Surine van Tonder, Anri Röscher, Gabi Bennett, Suné Conradie
Voor v.l.n.r.: Taybah Johaar, Nell Singleton, Etloné Nolte, Gizela Jordan, Bilquees Laatoe

DORP – SEUNS

Agter v.l.n.r.: Linden van Rooyen, Kurt-Lee Kannemeyer, Juan Cornelissen, Ruben Wolstenholme, Franklin Kriel
Voor v.l.n.r.: Tristan Matthews, Eon Wolfaardt, Lyel Rose, Justin Henning, Hugo de Villiers

VRL

Baie geluk aan dié leerders wat verkies is tot die VRL vir die 2019-termyn. Dis ‘n groot verantwoordelikheid om jou graad te verteenwoordig en besluite namens jou graad te maak. Ons glo dat julle die taak goed sal doen!

Graad 9 - 2019:
Agter v.l.n.r.: Hannes Neethling, De Wet Mostert
Voor v.l.n.r.: Salomé Rossouw, Janke Kruger

Graad 10 - 2019:
Agter v.l.n.r.: Abré Griessel, Louie Drake
Voor v.l.n.r.: Amoné Mason, Bea Wolfaardt

Graad 11 - 2019:
Agter v.l.n.r.: Hugo Mostert, Robert-Andrew Adshade, Connor Nel, Zach le Roux
Voor v.l.n.r.: Carien Reyneke, Mia Ramsauer, Shanidine Bezuidenhout, Chris-Mari Snyman

BESTUURSKOMITEE

Baie geluk aan die volgende seuns en dogters wat verkies tot die Bestuurskomitee. Ons weet dit is harde werk wat voorlê en ons het volle vertroue in julle om die skool te lei tot hoër hoogtes.

	Anje Ungerer		Anri Röscher		Ansorette Müller		Antoinette Stejn
	Benicio Kamfer		Daniel Basson		Dihan Muller		Eon Wolfaardt
	Etloné Nolte		Franklin Kriel		Gabi Bennett		GW Bruwer
	Heindrich van Coller		Jana Jourdan		Juan Cornelissen		Kurt-Lee Kannemeyer
	Lerika de Scande		Nevé Schagen		Ruben Wolstenholme		Stefan Schwartz
	Suné Conradie		Surine van Tonder		Talitha Pretorius		Wynand du Plessis

JAG

~Oupie du Plessis~

Hierdie jaar het die jag anders verloop as ander jare. Ons het die eerste keer dogters ook saamgeneem.

Die eerste week van die Junie-vakansie is uitgesit vir die groot tog Victoria – Wes toe. En dit was voorwaar ‘n ervaring sonder gelyke. Dis so lekker om die afwagting en opwinding voor die jag op die seuns se gesigte te sien. Aangesien dit ‘n klomp eerstekeer-jagters is, was daar uiteraard baie adrenalien en natuurlik ‘n tikkie vrees ook ter sprake. Kyk, bokkoors is nie maklik nie en ons het redelik daarvan gehad. Uiteindelik was almal suksesvol en die aand het die bokke aan die hake gehang. Mooi, groot bokke. En die meeste was swart springbokke.

Om die kampvuur het die stories geloop en elke bok is ‘n paar keer geskiet voordat die opwinding uitgewoed was. Die volgende dag het almal ingespring om die vleis bewerk te kry en die wors gemaak te kry. Dis ‘n groot werk en die seuns het besef dat biltong en droëwors nie net uit die lug val nie. Ons mag ongelukkig nie foto’s van die bokke in die Aambeeld plaas nie a.g.v. nuwe wetgewing, maar ons wys tog ‘n klompie foto’s om die ander jaloers te maak…

Dit was hierdie jaar die vyfde keer wat ons dit doen en elke jaar is die beloning soooo groot. Die seuns kom terug met iets anders. Miskien het die inlywing en ervaring iets daarmee te doen, maar dis ‘n gegewe – hulle dra krone as hulle terugkom. Baie dankie aan elkeen wat bygedra het tot die sukses van die jag – ons het in die vorige Aambeeld aan almal dankie gesê – want sonder dit kan ons nie die ervaring aan die kinders bied nie. Aan elke ouer van die seuns en dogters wat saam met ons was: Dit was ‘n voorreg om met julle kinders die ervaring te kon hê. Hulle is almal sulke amazing kinders. Volgende jaar maak ons weer so.

BLOEDSKENK

~Esmé Pettit~

Die bloed het wel vir eers ophou vloei, maar in hierdie jaar het die bloedskenk se "peer promoters" beslis groot hoogtes bereik.

Dit was vir my 'n groot voorreg om deel te wees van die "peer promoters". Dit was nie altyd 'n maklike pad nie, maar ek sal dit beslis vir niks verruil nie. Ek wil net baie dankie sê vir my mede-spanlede – Henro Jansen, Antionette Saayman, Anina Russouw, Franco Smith en NATUURLIK JUFFROU ROSSOUW vir al die hulp wat verseker het dat elke bloedskenkdag 'n sukses was. Ek dink ons het ons doelwit vir die derde kwartaal beslis bereik.

BLOEDSKENK WENNERS

Drostdy is in die onlangse bloedskenk "battle" uitgedaag deur Worcester Gimnasium. Nie net het ons hulle gewén nie, maar ons is ook aangewys as die algehele wenners van al die skole in die Wes-Kaap wat deelgeneem het aangesien ons die meeste eenhede geskenk het.

Die dames van die WP Bloeddiens het die trofee aan mnr. Underhay en die "peer promoters" oorhandig. Ons is baie trots op elke leerder wat hulle deel vir die gemeenskap doen!

NETBAL

~Shanidine Bezuidenhout-~

In 30 minute word daar van jou verwag om alles op daardie baan te gee. Nee! Dis te min, gee nog net 5 minute ekstra, want die telling is 25 -25! 2018 se netbalseisoen is alweer verby. Kan jy dit glo? Dit het soos blits verbygegaan, maar tog was dit ‘n seisoen om jouself uit te leef. Om jou deel te maak van n trop Donkie-dogters. Al het ons nie al ons wedstryde gewen nie, het ons altyd seker gemaak dat ons met trots in ons harte van die baan afgeloop het. “Ja, ek weet, om te verloor is nie lekker nie ,maar tog het jy ‘n verloor nodig om te kan wen.“ - Juffrou Suanne Swart se bekende gesegde. Deur hierdie moeilike netbalseisoen het ek redelik baie geleer soos dat jy nie jouself opbou nie, maar jou span saam met jou opbou, jy moenie alleen hard werk nie, maar jou span aanmoedig om ook hard te werk. Namens al die netbalspelers wil ek baie dankie sê aan al die afrigters wat regtig hulle deel gedoen het. Dankie vir julle harde werk en ook ‘n spesiale dankie aan al ons ondersteuners. Dit word waardeer…

DR. ELSJE JORDAAN

Drostdy het vir Dr. Elsje Jordaan genooi om die 13de en 14de September vir ons te kom help met ons netbalspelers se voorbereiding vir 2019. Dr. Jordaan is ’n baie bekende sportafrigtingspesialis en pionier in die gebruik van digitale platforms om wedstrydtendense te ontleed. Dié tweedagkliniek was ‘n belewenis vir die afrigters sowel as die spelers en almal het verryk van die baan weggestap. Dr. Jordaan se kennis en insae gaan ons netbal ‘n groot hupstoot gee om volgende jaar groot hoogtes te bereik en ons kan nie wag vir die volgende twee dae, 9 en 10 Oktober, wat sy weer by ons is nie.

LANDLOOP

~Anmar Rust~

'When your legs can not run anymore , run with your heart …'

Sjoe … Wat n seisoen! Toe ek die opdrag gekry het om n berig te skryf oor die landloop by HTS Drosdty het ek nie geweet waarvoor ek myself inlaat nie. Dit was 'n baie besige kwartaal gewees waar daar elke Saterdag deelgeneem is aan landloop by verskillende skole om Noord-Boland te kry of selfs om te kwalifiseer vir Boland. Landloop is nie baie gwild onder skoolkinders nie, want hulle weet nie wat dit is nie. Wel, landloop is daar om, veral skoolkinders, te help om sterker te wordm - fisies en emosioneel. Hoekom is dit so? Ons Donkies moet vier keer 'n week oefen en nog die Saterdag deelneem terwyl hulle aandag by ander plekke ook vereis word. Dit kan byvoorbeeld ook so gebeur dat jy baie goed hardloop en hard oefen en die aand voor die kompetisie skielik siek voel… jy moet deurdruk. Landloop is 'n sport wat jy as 'n individu moet doen en jy doen dit net vir jouself. Jy doen dit nie vir jou span of 'n onderwyser nie. Landloop is 'n wintersport, want in die somer is dit heeltemal te warm om dit te doen. Dit is wat Donkies wenners maak, want dit maak nie saak wat die weer was nie, hulle het deurgedruk. Die een negatiewe ding omtrent die landloop by HTS Drostdy is net dat die onderwysers regtig sukkel om deelnemers te kry. Jy staan 'n kans om te presteer, maar dit gaan harde werk vat. As jy belangstel om deel te word van die landloop gaan praat met mnr. Hunter in Siviel 3. Jy sal nie spyt wees nie! Baie dankie aan al die atlete wat HTS Drosdty se naam hoog hou op en af van die atletiekbaan…



BOLAND LANDLOOPSPAN

Drostdy se landloopatlete het geskitter by die Bolandbyeenkoms.
Sewe van Drostdy se atlete is by die Bolandbyeenkoms opgeneem in die Bolandspan.
Hulle is van links na regs:
Meagan Swanepoel, Veronique Visagie , Virgill-Lee Africa, Cameron Mostert, Chenique Sass, Virnita Africa, Nell Singleton.
Baie geluk!

WP LANDLOOP

Van links na reg: Virgill-Lee Africa, Virnita Africa en Chenique Sass.

Tans neem hierdie leerders asook Meagan Swanepoel aan die SA's deel in Bloemfontein. Ons wens hulle baie sterkte toe.

FIETSRY

Die fietsry is in hoogste rat besig met voorbereidings vir die Spur-kampioenskap die vakansie in Magalies. Ons sal in die Drostdy-Nuus volledig verslag doen oor die uitslae.